higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

FINANSIËLE BESTUUR
NKR VLAK 4

(3011014)

15 Maart 2018 (Y-Vraestel)
13:00–16:00

'n Nieprogrammeerbare sakrekenaar mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

NCV

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik 'n pen met slegs BLOU of SWART ink.
5. Gebruik die tydtoewysingsriglyn hier onder.
6. Skryf netjies en leesbaar.

VRAE	ONDERWERP	PUNTE	AANBEVOLE TYD
AFDELING A			
1	Kortvrae	40	36 minute
AFDELING B			
2	Al die onderwerpe is geïntegreer	40	36 minute
3	Al die onderwerpe is geïntegreer	40	36 minute
4	Al die onderwerpe is geïntegreer	40	36 minute
5	Al die onderwerpe is geïntegreer	40	36 minute
	GROOTTOTAAL	200	180 minute

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Voltooi die volgende sinne deur die woorde, wat in die lys hier onder voorsien word, te gebruik. Skryf slegs die ontbrekende woord(e) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) neer.

vuurproefverhouding; betroubaar; kapitaal; alleenhandelaar; begrotingsdagboek; voertuie; winsgewendheidsverhouding; beslote korporasie

1.1.1 'n ... is 'n nuttige hulpmiddel om aktiwiteite vir toekomstige beplanning te boekstaaf.

1.1.2 ... is 'n item onder die Ekwiteit-afdeling op die balansstaat.

1.1.3 'n ... betaal belasting in sy/haar persoonlike hoedanigheid.

1.1.4 Die ... kan gebruik word om 'n onderneming se vermoë om sy korttermynverpligtinge na te kom, te bepaal.

1.1.5 'n Gerekenariseerde rekeningkundige stelsel moet akkuraat, ... en vinnig vir boekstawingsdoeleindes wees.

(5 × 1) (5)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) neer.

1.2.1 'n ... is 'n rekord van die inkomste en uitgawes wat 'n onderneming vir 'n omskrewe tydperk aangegaan het.

1.2.2 'n Potensiële ondernemingseienaar moet 'n ... om raad vra voordat hy/sy enige regsooreenkomste onderteken.

1.2.3 'n Private maatskappy se titel eindig met die woorde ... Bpk.

1.2.4 ... koste skommel in verhouding tot die aantal eenhede wat geproduseer word.

1.2.5 'n ... is 'n korttermynlening wat 'n onderneming in staat stel om uit sy bankrekening vir uitgawes te betaal, selfs nadat sy bankrekening 'n negatiewe saldo toon.

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

1.3 Bereken die:

1.3.1 Belasbare inkomste van 'n klein onderneming as die bruto inkomste R125 000, die direkte koste R19 605 en die indirekte koste R22 825 beloop. Al die direkte en indirekte koste is vir handelsdoeleindes aangegaan. (3)

1.3.2 Grensinkomste per eenheid as die totale veranderlike koste R1 225 en die totale vaste koste R1 500 beloop. Die totale verkope bedra R3 490 en 10 eenhede is gedurende die tydperk geproduseer. Rond jou antwoord af tot 2 desimale. (3)

1.3.3 Gelykbreekhoeveelheid aan die hand van die inligting in VRAAG 1.3.2 hier bo. Rond jou antwoord af tot die naaste heelgetal. (2)

1.3.4 Gelykbreekwaarde (in rand) op grond van die gelykbreekhoeveelheid wat in VRAAG 1.3.3 hier bo bereken is. (2)

1.3.5 WVF-bedrag as 'n werker normale lone van R3 000 en R500 oortyd verdien. Die WVF word teen 1% van die normale lone bereken. (2)

1.4 Noem die vorm wat 'n individuele belastingpligtige moet voltooi wanneer hy/sy 'n belastingopgawe by die SAID indien. (1)

1.5 Die volgende BEGROTE inligting is uit MTK Manufacturers se rekords geneem:

Besonderhede	2015	2016
Aantal eenhede wat geproduseer word	2 000	3 000
Arbeidsure per eenheid	2 uur	2 uur
Koste per uur	R35	R40

1.5.1 Bereken die begrote arbeidsure wat vir produksie verlang word in:

(i) 2015
(ii) 2016 (2 × 2) (4)

1.5.2 Bereken die begrote arbeidskoste vir:

(i) 2015
(ii) 2016 (2 × 2) (4)

1.5.3 Verduidelik kortliks wat die verskil tussen *direkte koste* en *indirekte koste* is. (2)

1.5.4 Gee EEN voorbeeld ELK van 'n direkte PRODUKSIEkoste en 'n indirekte PRODUKSIEkoste. (2)

Kopiereg voorbehou

1.6 Dui aan of die volgende uitgawes vaste of veranderlike koste is:

1.6.1 Petrol

1.6.2 Skryfbehoeftes

1.6.3 Huurgeld betaal

1.6.4 Lone vir los werkers

1.6.5 Versekering

(5 × 1) (5)
[40]

TOTAAL VIR AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 2

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Ledule Molefe is 'n NSB V4-bemarkingstudent. Sy is geesdriftig oor die ontwerp en vervaardiging van meubels en begin daarom met 'n onderneming genaamd Ledule Design Furnishers.

Sy ontwerp tans meubels vir haar familie en vriende tydens haar kollegevakansies en gebruik die motorhuis by haar ouerhuis om die meubels te ontwerp en te vervaardig.

Haar 65-jarige moeder werk by 'n supermark, maar tree binnekort af. Sy is geïnspireer deur Ledule se briljante werk en wil graag haar vennoot word deur van haar pensioengeld in die onderneming te belê sodat die onderneming kan uitbrei.

Ledule besit vervaardigingsmasjinerie en 'n tweedehandse afleweringsvoertuig wat sy gekoop het toe sy oor die afgelope twee jaar deeltyds gewerk het.

2.1 Watter vorm van ondernemingseienaarskap is Ledule Design Furnishers? (1)

2.2 Ledule oorweeg dit om haar onderneming as 'n privaat maatskappy te registreer.

2.2.1 Verduidelik die term *beperkte aanspreeklikheid* kortliks. (2)

2.2.2 Verduidelik kortliks aan Ledule hoe maatskappybelasting betaal word in geval van

(i) 'n alleenhandelaar
(i) 'n private maatskappy (2 × 2) (4)

2.3 Noem DRIE bronne van finansiering wat Ledule kan gebruik as sy besluit om nie haar moeder se aanbod te aanvaar om haar te help om haar onderneming uit te brei nie. (3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

2.4 Afri Bank is bereid om 'n lening van R50 000, betaalbaar oor 5 jaar, teen 'n rentekoers van 11% per jaar aan Ledule toe te staan.

Bereken die maandelikse terugbetalings op die lening, insluitende rente. Toon AL jou berekeninge. (7)

2.5 Noem TWEE vaste bates wat Ledule as sekuriteit kan gebruik indien sy besluit om die lening by Afri Bank te aanvaar. (2 × 2) (4)

2.6 Ledule laat haar gereelde klante toe om op krediet te koop. Sy staan kredietbepalings van 60 dae aan hulle toe.

Gee DRIE maatreëls wat sy kan tref om betaling betyds van haar klante te verkry, veral diegene wat gereeld die kredietbepalings oorskry. (3 × 2) (6)

2.7 Gee die rekeningkundige term wat gebruik word wanneer debiteure nie kan betaal nie en hul skuld afgeskryf moet word. (1)

2.8 Noem enige TWEE statutêre betalings wat 'n onderneming maak. (2 × 2) (4)

2.9 Noem enige TWEE komponente van 'n sakeplan. (2 × 2) (4)

2.10 Noem die finansiële staat waarop 'n onderneming se finansiële prestasie aangedui word. (1)

[40]

VRAAG 3

3.1 Omskryf die term *begroting*. (2)

3.2 Bestudeer Ledule Design Furnishers se inkomstestaat hier onder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

Item	Oktober 2016	
	Begrote	**Werklike**
Verkope	105 000	112 000
Koste van verkope	65 000	78 000
Bruto wins	40 000	34 000
Bedryfskoste	13 700	16 955
Salarisse en lone	12 000	12 000
Elektrisiteit	1 000	1 370
Bankkoste	150	185
Telefoonuitgawes	350	400
Netto wins vir die jaar	26 100	?

3.2.1 Bereken die variansie in die koste van verkope vir Oktober 2016. Dui aan of die variansie gunstig of ongunstig is. (3)

3.2.2 Gee TWEE moontlike redes vir die variansie in die koste van verkope. (2 × 2) (4)

3.2.3 Ledule Design Furnishers se rekords toon dat die begrote elektrisiteitsbedrag minder as die werklike bedrag is.

Gee EEN wenk aan Ledule oor die wyse waarop sy die elektrisiteitskoste kan verminder. (2)

3.2.4 Daar is geen variansie in salarisse en lone nie. Gee EEN moontlike rede daarvoor. (2)

3.2.5 Noem TWEE situasies waarin dit gepas sal wees om 'n onderneming se begroting aan te pas. (2)

3.3 Hoe dikwels behoort 'n onderneming soos Ledule Design Furnishers sy finansiële state voor te berei? (1)

3.4 Ledule wil 'n gespesialiseerde houtontwerpmasjien vir haar onderneming aankoop. Die masjien kos R28 000 en het 'n verwagte lewensduur van vyf jaar. Die geraamde opbrengskoers is 11%.

Die volgende inligting oor die masjien is beskikbaar:

Jaar	Geraamde toekomstige kontantinvloei	Diskontofaktor
1	R4 200	0,901
2	R6 600	0,812
3	R9 600	0,731
4	R12 000	0,639
5	R17 100	0,593

3.4.1 Bereken die netto huidige waarde van die masjien. Toon AL jou berekeninge en rond jou antwoorde af tot TWEE desimale. (7)

3.4.2 Moet Ledule die houtmasjien aankoop? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

3.5 Noem enige TWEE voordele van periodieke finansiële verslagdoening. (2)

3.6 Verduidelik kortliks die terugbetalingsmetode as beleggingsbeoordelings-tegniek. (2)

Kopiereg voorbehou

3.7 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) neer.

3.7.1 Die terugbetalingstydperkmetode neem die tydwaarde van geld in berekening.

3.7.2 Die interne opbrengskoers word gebruik om die lewensvatbaarheid van die belegging in 'n projek of vaste bate te beoordeel.

3.7.3 Die doel van die oorspronklike uitreikingskorting (*OID*) is om vir werknemers voorsiening te maak wanneer hulle te oud word om te werk.

3.7.4 Voordat Ledule vir 'n oortrokke bankrekening kan kwalifiseer, moet sy geen ander bankrekeninge hê nie.

3.7.5 Krediteure is individue wat goedere op krediet by 'n onderneming koop.

3.7.6 Op die balansstaat word 'n onderneming se finansiële posisie op 'n spesifieke tydstip getoon.

3.7.7 Uitset-BTW is inkomste vir 'n onderneming, terwyl inset-BTW 'n uitgawe uitmaak.

3.7.8 Die gelykbreekhoeveelheid dui die randwaarde van die verkope aan wat 'n onderneming moet bereik om gelyk te kan breek.

3.7.9 Wanneer 'n onderneming gelykbreek, is sy inkomste groter as sy uitgawes.

3.7.10 Uitset-BTW word op die verkope van 'n onderneming ingevorder.

(10 × 1) (10)

3.8 Stel EEN metode voor wat Ledule kan gebruik om koste in haar onderneming te verminder. (1)

[40]

NCV

VRAAG 4

4.1 Die volgende inligting is uit Ledule Design Furnishers se rekords geneem:

Ledule Design Furnishers se balansstaat op 28 Februarie 2017

	2016 (R)	2017 (R)
Niebedryfsbates	**16 786**	**24 233**
Toerusting	14 786	19 233
Ander finansiële bates	2 000	5 000
Bedryfsbates	**36 888**	**36 131**
Voorraad	12 885	7 547
Handelsdebiteure	22 003	28 284
Kontant en kontantekwivalente	2 000	300
Totale bates	**53 674**	**60 364**
Eienaarsbelang	**31 006**	**41 058**
Niebedryfslaste	**5 000**	**3 500**
Lening: PANDA Bank Bpk	5 000	3 500
Bedryfslaste	**17 668**	**15 806**
Handelskrediteure	17 668	11 606
Oortrokke bankrekening	–	4 200
Totale ekwiteit en laste	**53 674**	**60 364**

Ledule het jou hulp nodig om die balansstaat te ontleed. Verleen hulp aan haar deur die volgende vrae te beantwoord. Toon AL jou formules en berekeninge.

4.1.1 Bereken Ledule Design Furnishers se netto waarde vir 2017. (4)

4.1.2 Bereken die bedryfsverhouding vir 2016. Rond jou antwoord af tot 2 desimale. (4)

4.1.3 Die bedryfsverhouding vir 2017 is 2,20 : 1. Vergelyk die verhouding met dié van 2016 en lewer kommentaar daaroor. (2)

4.1.4 Ledule Design Furnishers se skuldverhouding was soos volg:

- In 2016 was dit 2,37 : 1.
- In 2017 is dit 3,1 : 1.

Vergelyk die verhouding vir albei jare en lewer kommentaar daaroor. (2)

4.2 Stel TWEE maniere voor waarop Ledule haar krediteure effektief kan bestuur. (2 × 2) (4)

4.3 **Duncan Manufacturers se inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017**

	2016	2017
Verkope	180 000	108 000
Koste van verkope	143 700	58 500
Bruto wins	36 300	49 500
Plus: Ander inkomste	33 100	44 000
Minus: Ander uitgawes	5 240	5 700
Telefoon	2 400	3 100
Elektrisiteit	3 300	4 240
Reklame	1 790	1 250
Lone	24 400	25 800
Verversings	1 400	1 300
Brandstof	4 680	4 890
Netto wins vir die jaar (voor belasting)	26 190	47 220

Toon AL jou berekeninge en rond jou antwoorde af tot TWEE desimale.

4.3.1 Bereken die koste-tot-inkomste-verhouding vir 2016. (4)

4.3.2 Bereken die nettowinspersentasie op verkope vir 2016 en 2017. (5)

4.3.3 Gee EEN moontlik rede vir die verandering in die nettowinsverhouding oor die twee jaar, soos dit in VRAAG 4.3.2 hier bo bereken is. (2)

4.3.4 Bereken die omsetprestasieverhouding vir 2017. (5)

4.4 Omskryf die term *bedryfsbates* en gee EEN voorbeeld daarvan. (3)

4.5 Noem VYF brondokumente wat 'n onderneming gebruik om transaksies in sy hulpjoernale in te skryf. (5 × 1) (5)

[40]

VRAAG 5

5.1 5.1.1 Omskryf die term *kapitaalkorting*. (2)

5.1.2 Gee TWEE voorbeelde van kapitaalkortings. (2 × 2) (4)

5.2 Ledule Design Furnishers koop hout vir R10 888, insluitende BTW, by Barileng Wood Suppliers. Meubels word van hierdie hout gemaak en vir R27 500, BTW uitgesluit, aan Railway Furnishers verkoop.

Bereken die volgende vir Ledule Design Furnishers:

5.2.1 Inset- en uitset-BTW (4)

5.2.2 Die bedrag betaalbaar aan of terugbetaalbaar deur die SAID. Dui duidelik aan of die bedrag betaalbaar of terugbetaalbaar is. (2)

Kopiereg voorbehou

5.3 Dui aan of die volgende uitgawes van Ledule Design Furnishers van belasting afgetrek kan word of nie. Gee EEN rede vir elke antwoord.

5.3.1 Ledule, die eienaar, betaal vir 'n gesinsete om haar moeder se aftrede te vier.

5.3.2 Ledule Design Furnishers koop 'n vervaardigingsmasjien aan om in die onderneming te gebruik.

5.3.3 Regsfooie word betaal aan 'n prokureur wat 'n debiteur opgespoor het wie se skuld lank uitstaande was.

(3 × 2) (6)

5.4 Identifiseer enige TWEE eksterne beperkinge wat met Ledule se onderneming verband hou. (2 × 2) (4)

5.5 Bestudeer die belastingtabel hier onder en beantwoord die vrae wat volg.

Belastingkoerse vir individue	
Belasbare inkomste	**Belastingkoerse**
R0–R122 000	18% van elke R1
R122 001–R195 000	R21 960 + 25% van die bedrag bo R122 000
R195 001–R270 000	R40 210 + 30% van die bedrag bo R195 000
R270 001–R380 000	R62 710 + 35% van die bedrag bo R270 000
R380 001–R490 000	R101 210 + 38% van die bedrag bo R380 000
R490 001 en hoër	R143 010 + 40% van die bedrag bo R490 000

Belastingkortings van toepassing

Primêre korting	R8 280
Sekondêre korting (vir persone van 65 jaar en ouer)	R13 320

5.5.1 Boikanyo is 66 jaar oud en het 'n belasbare inkomste van R220 000 vir die jaar van aanslag. Bereken sy belasting wat betaalbaar is. (7)

5.5.2 Keatlegile is 28 jaar oud en het 'n belasbare inkomste van R115 000 per jaar. Bereken haar belasting wat betaalbaar is. (5)

5.6 Noem TWEE begrotingstegnieke wat 'n onderneming kan inspan. (2)

5.7 Noem EEN gevolg van die laat indiening van 'n belastingopgawe. (2)

5.8 Gee TWEE redes waarom dit belangrik is dat Ledule 'n sakeplan opstel. (2)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou